# Stilbaai Kersmark

Lekkerste Mark in die geweste ...

Beste Aansoeker

Stilbaai Kersmark is uniek in die opsig dat dit hoofsaaklik handgemaakte artikels te koop aanbied.

Die Kersmark se keuringskriteria is die volgende:

- VERKIESLIK ENTREPRENEURS MET HOOFSAAKLIK HANDGEMAAKTE ARTIKELS
- **KWALITEIT** EN KEURIGE AANBIEDING VAN PRODUK
- **BILLIK** GEPRYS

**VOORWAARDES WAT NAGEKOM MOET WORD TYDENS STILBAAI KERSMARK:**

- Jy moet genoeg voorraad vir die hele tydperk hê. (**Die feit dat daar aan ander markte deelgeneem word, mag nie 'n invloed op jou voorraadvlakke hê nie**)
- **Slegs** vooraf goedgekeurde artikels mag uitgestal word, d.w.s. dit wat u op die produklys mee aansoek doen. Veranderde produkte moet asb met Stilbaai Kersmark bevestig word en ook dit waarvoor jy aansoek doen moet asb op die tafel wees Desember maand.
- Markte in Stilbaai omgewing mag ondersteun word met die voorwaarde dat die verkooppryse **MOET** ooreenstem met Stilbaai Kersmark, en daar **MOET** steeds genoeg voorraad wees by Stilbaai Kersmark, ons wil graag ons mark bevoordeel hê en ook die uitstaller.

Stilbaai Kersmark tree op as agent en is daarom vrygestel van BTW.

**BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE KERSMARK:**

**1. DATUMS & BESIGHEIDSURE:**

9 Desember - 30 Desember 2026.

- Maandag tot Saterdag ure: 09:00 tot 17:30
- Sondag 13, 20 en 27 Desember ure: 09:00 tot 14:00
- 24 Desember ure: 09:00 tot 16:00
- 25 Desember sal mark gesluit wees.

**2. WAAR:**

Main Road, voor die Lions Klub langs die dorp se rugbyveld, Stilbaai-Wes.
(naby Polisie Stasie en Munisipaliteit Kantore)

3. **AANSOEKE EN KEURING:**
   - **31 Mei 2026** sluit indiening van aansoeke.

   Kan jy asb die volledige ingevulde aansoekvorm met 5 foto's en voorlopige itemlys op **een epos** stuur, en alle verdere kommunikasie van dieselfde epos adres.

   - Keuring uitslag **16 Junie 2026** sal via Whatsapp aan uitstaller gestuur word.
     **Geen** rede sal verskaf word indien jou aansoek afgekeur word nie.

4. **REGISTRASIE:**
   Die registrasiefooi vir die gekeurde uitstallers beloop
   - **R1 450,00 per vol tafel** (75cm x180cm)
   - **R975,00 per half tafel** (75cm x 90cm)

   Diens en kourier koste word ingesluit**.**

   Die **volle bedrag** is betaalbaar voor **30 Julie 2025,** sodra ons jou in kennis gestel het dat jou aansoek suksesvol is.

   Onthou diegene wat self hul tafel beman, daar is 'n ekstra half tafel spasie **betaalbaar** vir persoon wat toesig hou. Ons probeer om vir elke uitstaller die bes moontlike plasing te doen in tent, daar sal egter geen onderhandeling kan wees van waar ons die persoon plaas met die dag van uitpak nie.

   Betaling van registrasiefooi kan in **STILBAAI KERSMARK,** Capitec, Takkode 470010, Spaar Rek. No. 1645193762 inbetaal word**.** Meld ASSEBLIEF jou **naam en van** (SOOS OP AANSOEKVORM) as inbetalings verwysing. Tafelfooie is nie terugbetaalbaar nie. **ASSEBLIEF.** Geen laat betalings nie.

5. **ETIKETTE:**
   - **1 September 2026**
     Ons moet alle produklyste ontvang het om etikette betyds te kourier.
   - **1 Oktober 2026**
     Etikette word gekourier deur "the courier guy".

   Indien jy laat jou produklys aan my stuur sal u ook laat u etikette u ontvang.

   **650 etikette** per tafel is ingesluit, en daarna betaal jy vir ekstra labels 'n fooi van 20c per label.

   Daar was laasjaar baie probleme met eie barcodes wat te klein is vir scanner, dat ons dit moes oorprys. Maak seker dat die barcodes deeglik en duidelik geprint is, as dit onduidelik geprint is sal dit van die mark verwyder word, totdat dit reggestel is. Ek vra jou samewerking hiermee.

   Baie belangrik, as jy jou produk moet oormerk van 'n ander mark na Stilbaai Kersmark, MOET u die vorige etiket afhaal, anders kan ons nie jou barcode korrek lees of invoer nie. **ASSEBLIEF.** Maak seker dat jy die regte etiket en prys op die regte produk plak. **GEEN** Stilbaai kersmark etikette van die vorige jaar mag gebruik word nie.

6. **KOMMISIE:**
   **22%** Kommisie van alle verkope word afgestaan.
   **Merk** artikels dat die kommissie reeds ingesluit is. Pryse van artikels word afgerond na die naaste rand.

   Artikels se pryse mag nie verhoog of verminder word tydens die Kersmark nie.

7. **UITPAK EN OPRUIM**
**8 Desember 2026** vanaf 09:00 tot 15:00.
Wees asb vroeg genoeg daar om 15:00 klaar te wees.

**Onthou** asb u tafeldoek moet netjies tot net bo die grond wees,

Daar word **geen skerms agter tafels geplaas nie**, u as uitstaller is verantwoordelik om jou eie unieke uitstalling saam te bring.

Vir die uitstallers wat van kourierdiens gebruik maak, en waarvan Stilbaai Kersmark vir jou uitpak, **sorg asb dat jy 'n foto van uitstalling insluit en moenie u tafeldoek vergeet nie**.

Huur van tafeldoeke teen R250-00.

Die Kersmark eindig **30 Desember 2026 om 14:00** vir die **publiek**.

**Uitstallers is welkom om vanaf 15:00 hul produkte op te pak.**

Ruim asseblief op daar waar jou tafel is, geen bokse, plastiek, skroewe, papiere ens. mag agtergelaat word nie, ons kan jul aanduiding gee waar om jou leë bokse weg te gooi, aangesien Hessequa Munisipaliteit baie streng is oor netheid.

Die tent moet reeds om 17:00 volledig ontruim wees. Sou jy voor die afsluiting begin oppak, sal ons 'n **boete van 20%** van jou omset te verhaal. **Dieselfde reël geld ook indien jou tafel gedurende die mark nie voldoende voorraad het nie.** By voorbaat dankie vir jou samewerking in die verband.

**ADDISIONELE KOSTES**
R320 Uitpak fooi vir produkte.

Oppak 30 Desember, let wel, ons gee jou oorblywende voorraad by Courier Guy Stilbaai in 31 Desember 2026. Reël asb vooraf met courier guy vir waybill details en stuur vir my inligting deur sodat ons die bokse dienooreenkomstig kan merk en waybill nommer kan opsit. Ons kan geen uitstaller se ware vir hom bêre om later te kom haal nie.

8. **SEKURITEIT:**
Sekuriteitsmaatreëls word gedurende die Kersmark getref ten einde jou belange te beskerm. Daar word 'n sekuriteit maatskappy gebruik en sekuriteit kameras.

9. **SENTRALE BETAALPUNT:**
Daar sal 'n sentrale betaalpunt by die uitgang wees. Kontant of krediet/debietkaart is welkom.

Jy kan ons e–pos admin@stilbaaikersmark.co.za of my kontak 079 128 1893 tussen 14:00 en 18:00 vir verdere inligting.

Ons sien daarna uit om jou te ontmoet en ons gereelde uitstallers weer te sien!

Ons vra ook jou voorbidding vir 'n Geseënde Kersmark 2026.

Vriendelike Kersmark Groete!

Lorraine en Bertus vd Merwe

Aansoekvorm kan gestuur word via e-pos

**E-pos** admin@stilbaaikersmark.co.za

**Enige Navrae** Lorraine vd Merwe

079 128 1893

Tussen 14:00 en 18:00 asb.

| UITSTALLER INLIGTING | | | |
|---|---|---|---|
| **Name** | | **Van** | |
| **Kourier Adres:** | | | |
| | | | |
| | | | |
| **Poskode:** | | | |

| **Selfoon Nommer** | **Email adres** |
|---|---|
| | |

**Produk beskrywing:**

| **UITSTALLER BANK INLIGTING (Heg bank bevestiging van rekening no. aan asb)** | | |
|---|---|---|
| **Rekeninghouer Naam** | **Takkode** | **Rekening no.** |
| | | |
| **Bank naam** | **Tipe Rekening** | |
| | | |

| **UITSTALLERS BEHOEFTE INLIGTING VIR UITSTALLING** | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Tafel spasie benodig:**<br>**1.8mx75cm of half tafel 90cmx.75cm** | **Ek sal self uitpak en weer kom oppak** | |
| | **Ek wil dat STILBAAI KERMARK my produkte sal uitpak** | |
| **Vloer spasie benodig:**<br>**1.8mx75cm of half tafel 90cmx.75cm** | **Ek kort 'n kragpunt (Ek sal 'n 10m verlengingskoord saambring met 'n multi prop wat gemerk is)** | |
| | **Ek sal my produkte stuur deur 'n courier diens** | |
| | **Ek wil my produkte laat optel deur 'n courier diens.** | |
| **BY WATTER MARKTE GAAN U AANSOEK DOEN IN MOSSELBAAI, GEORGE EN OMGEWING** | | |
| | | |

| **STILBAAI KERSMARK BANK INLIGTING** | | |
|---|---|---|
| **Stilbaai Kersmark** | **Takkode** | **Rekening Nommer** |
| Capitec | 470010 | 1645193762 |
| **Deposito Verwysing** | Jou naam en van | |

Ek, die ondergetekende, skeld die organiseerders, hulle werknemers, en agente vry teen enige eis van enige soort skade, direk en indirek deur diefstal, besering, vuur, "vis major casus fortuitus" of enige ander oorsaak. In die geval van kanselering of uitstel van die mark buite die beheer van die organiseerders, sal die organiseerders nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies aan verwagte inkomste of ander skade as gevolg daarvan nie.

Ek het die inligtingstuk deeglik deurgelees en ek aanvaar die voorwaardes wat in hierdie dokument vervat is. Met die invul van jou naam en van en datum, aanvaar Stilbaai Kersmark dit as 'n getekende handtekening.

Naam: Datum:

| Office use | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

**Stilbaai Kersmark 2026 – Voorlopig**

| Item No | Item beskrywing | Prys (R) |
|---|---|---|
| 1 | | |
| 2 | | |
| 3 | | |
| 4 | | |
| 5 | | |
| 6 | | |
| 7 | | |
| 8 | | |
| 9 | | |
| 10 | | |
| 11 | | |
| 12 | | |
| 13 | | |
| 14 | | |
| 15 | | |
| 16 | | |
| 17 | | |
| 18 | | |
| 19 | | |
| 20 | | |
| 21 | | |
| 22 | | |
| 23 | | |
| 24 | | |
| 25 | | |
| 26 | | |
| 27 | | |
| 28 | | |
| 29 | | |
| 30 | | |